

*Argiet.*

BUITENGEWONE

# OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY



10c      Woensdag 10 Mei 1972      WINDHOEK      Wednesday 10 May 1972      No. 3250

## INHOUD

## CONTENTS

*Bladsy/Page*

### ONTWERPORDONNANSIE:

### DRAFT ORDINANCE:

Ontwerpordonnansie op Afskaffing van Vermaaklikheidsbelasting 1972 . . . . .	Entertainment Tax Abolition Draft Ordinance, 1972 . . . . .	378
--	---	-----

## Ontwerpordonnansie

## Draft Ordinance

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Kantoor van die Administrateur.  
Windhoek.

Administrator's Office,  
Windhoek.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

Woorde met volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

**ONTWERPORDONNANSIE**

Om voorsiening te maak vir die afskaffing van vermaakklikheidsbelasting; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

Die Wetgende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

**Herroeping van wette.**

1. Die Wette in die Bylae vermeld word hierby herroep in die mate in die derde kolom daarvan uiteengesit.

**Wysiging van Ordonnansie 30 van 1960, om „Administrateur“ deur „Uitvoerende Komitee“ te vervang.**

2. Die Ordonnansie op Adverteer langs, en Toebou van Paaie, 1960 (Ordonnansie 30 van 1960) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woord „Administrateur“ oral waar dit voorkom deur die uitdrukking „Uitvoerende Komitee“ te vervang.

**Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1960, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 3 van 1967.**

3. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende woordomskrywing aan die einde daarvan by te voeg:

„Uitvoerende Komitee“ die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968).”

**Invoeging van artikel 9A in Ordonnansie 30 van 1960.**

4. Die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende artikel na artikel 9 in te voeg:

**Reëlling van die stigting van inry-bioskope.**

9A. (1) Nieteenstaande die bepalings

van enige ander wet, mag niemand die bedryf van 'n inrybioskoop sonder die vooraf verkreeë goedkeuring van die Uitvoerende Komitee instel of bestuur nie: Met dien verstande dat aansoek om sodanige goedkeuring nie gedoen mag word nie, voordat die aansoeker eers minstens een keer per week vir vier agtereenvolgende weke 'n kennisgewing in een Afrikaanse en een Engelse nuusblad wat in die gebied omloop waarin die instelling of bestuur van die genoemde bedryf beoog word, gepubliseer het waarin die aansoeker sy voornemens om sodanige aansoek te doen uiteenset waarin die ligging en grootte van die perseel waarop dit bedoel word om die bedryf te beoefen voldoende beskryf word sodat dit maklik geïdentifiseer kan word en waarin hy verklaar dat enigiemand met genoegsame be-

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

**DRAFT ORDINANCE**

To provide for the abolition of entertainment tax; and to provide for incidental matters.

**BE IT ORDAINED** by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The laws specified in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof. *Repeal of laws.*

2. The Advertising on Roads and Ribbon Development Ordinance, 1960 (Ordinance 30 of 1960) — herein-after referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator", wherever it appears of the expression "Executive Committee". *Amendment of Ordinance 30 of 1960 to substitute "Executive Committee" for "Administrator".*

3. Section 1 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after the definition of "building restriction road" of the following definition:

"Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);". *Amendment of section 1 of Ordinance 30 of 1960, as amended by section 1 of Ordinance 3 of 1967.*

4. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 9: *Insertion of section 9A in Ordinance 30 of 1960.*

<u>"Regulation of the establishment of drive-in cinemas."</u>	<p><b>9A. (1)</b> Notwithstanding the provisions of any other law, no person shall establish or conduct the business of a drive-in cinema without the prior consent of the Executive Committee: Provided that application for such consent shall not be made before the applicant shall have published at least once a week for four consecutive weeks in one Afrikaans and one English newspaper circulating in the area in which the said business is proposed to be established or conducted a notice setting out the intention of the applicant to make the said application in which the situation and extent of the site on which it is intended to conduct the business, is sufficiently described for it to be easily identified and containing a statement that any person having a sufficient interest who objects to the grant-</p>
---	--

lange wat beswaar maak teen die goedkeuring van die aansoek sy beswaar, te same met sy redes daarvoor, uiters een week na die vierde publikasie van die genoemde kennisgwing, by die Uitvoerende Komitee indien: Met dien verstande verder dat sodanige aansoek vergesel moet wees van 'n plan wat die uitleg van die omgewing binne een kilometer rondom die voornoemde perseel sowel as die parkeeren wagruimtes en die in- en uitgangspaaie na en van die perseel, duidelik, met distansies, aandui.

(2) Wanneer die Uitvoerende Komitee sy goedkeuring ingevolge subartikel (1) verleen, kan hy voorwaardes stel na hy goedvind, en het hy die bevoegdheid om enige sodanige gestelde voorwaarde te wysig, verander of in te trek of om van tyd tot tyd nuwe voorwaardes na goeddunke te stel.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken die woord „inrybioskoop” 'n vermaakklikheidsplek waar enigiemand 'n bioskoopvertoning kan aanskou terwyl hy in 'n motorvoertuig sit.

(4) Elkeen wat die bepalings van subartikel (1) verontgaam of versuim om te voldoen aan enige voorwaarde wat ingevolge subartikel (2) gestel is, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand, of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande: Met dien verstande dat in die geval van 'n voortdurende oortreding 'n bykomende boete van hoogstens vyftig rand vir elke dag waarop die verontgaaming of versuim voortduur, opgelê kan word, maar geen sodanige boete mag in een enkele vervolging of binne een enkele maand tweehonderd rand oorskry nie.

(5) Die bepalings van hierdie artikel geld dwarsdeur die gebied Suidwes-Afrika.”.

Vervanging van lang titel van Ordonnansie 30 van 1960, soos gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 3 van 1967.

5. Die lang titel van die Hoordonnansie word hierby deur die volgende lang titel vervang:

„Ter reëeling van die vertoning van advertensies buite sekere stedelike gebiede op plekke wat van geproklameerde paaie af sigbaar is; en van die oprigting van bouwerke naby sekere geproklameerde paaie; en van toegang tot sekere gronde van sodanige paaie af; en van die stigting van inry-bioskope.”.

Kort titel en inwerkintreding.

6. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Afslaffing van Vermaakklikheidsbelasting 1972 en tree in werking op die eerste dag van Julie 1972.

ing of the application may lodge his objection, together with the grounds thereof with the Executive Committee not later than one week after the fourth publication of the said notice: Provided further that such application shall be accompanied by a diagram showing clearly the lay-out of the surrounding within one kilometre around the said site as well as the parking and waiting spaces and the entrance and exit roads to and from the site, giving the distances.

(2) The Executive Committee may, when granting his consent in terms of subsection (1), impose such conditions as he may deem fit, and he shall have power to amend, vary or revoke any such condition so imposed or to impose from time to time such new conditions as he may deem fit.

(3) For the purpose of this section the expression "drive-in cinema" means a place of entertainment where any person may watch a cinematograph performance while sitting in a motor vehicle.

(4) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) or fails to comply with any condition imposed in terms of subsection (2) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding three months: Provided that in the case of a continuing offence an additional fine not exceeding fifty rand for each day upon which such contravention or failure continued may be imposed, but no such fine shall in any one prosecution or within any one month exceed two hundred rand.

(5) The provisions of this section shall apply throughout the Territory of South West Africa.".

5. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Ordinance:

"To regulate the display of advertisements outside certain urban areas at places visible from proclaimed roads; and the erection of structures near certain proclaimed roads; and access to certain land from such roads; and the establishment of drive-in cinemas.". Substitution of long title of Ordinance 30 of 1960, as amended by section 6 of Ordinance 3 of 1967.

6. This Ordinance shall be called the Entertainment Tax Abolition Ordinance, 1972, and shall come into operation on the first day of July, 1972. Short title and commencement.

## BYLAE.

Nommer en jaar van wet.	Kort titel.	In hoeverre herroep.
Ordonnansie 11 van 1930.	Vermaaklikhedenbelastings Ordonnansie 1930.	Die geheel.
Ordonnansie 14 van 1953.	Wysigingsordonnansie op Vermaaklikhedenbelasting 1953.	Die geheel.
Ordonnansie 4 van 1954.	Wysigingsordonnansie op Vermaaklikhedenbelasting 1954.	Die geheel.
Ordonnansie 28 van 1960.	Wysigingsordonnansie op Vermaaklikhedenbelasting 1960.	Die geheel.
Ordonnansie 2 van 1961.	Ordonnansie ter Omrekening van die Skaal van Vermaaklikhedenbelasting, 1961.	Die geheel.
Ordonnansie 4 van 1965.	Wysigingsordonnansie op Vermaaklikhedenbelasting 1965.	Die geheel.
Ordonnansie 4 van 1966.	Wysigingsordonnansie op Vermaaklikhedenbelasting 1966.	Die geheel.
Ordonnansie 39 van 1967.	Algemene Regswysigingsordonnansie 1967.	Artikel 1.
Ordonnansie 16 van 1971.	Wysigingsordonnansie op Vermaaklikhedenbelasting 1971.	Die geheel.
Goewerments-kennisgewing 125 van 1930.		Die geheel.
Goewerments-kennisgewing 10 van 1954.		Die geheel.
Goewerments-kennisgewing 24 van 1968.		Die geheel.
Goewerments-kennisgewing 118 van 1971.		Die geheel.

**SCHEDULE.**

Number and year of law.	Short title.	Extent Repealed.
Ordinance 11 of 1930.	Entertainments Tax Ordinance, 1930.	The whole.
Ordinance 14 of 1953.	Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1953.	The whole.
Ordinance 4 of 1954.	Entertainment Tax Amendment Ordinance, 1954.	The whole.
Ordinance 28 of 1960.	Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1960.	The whole.
Ordinance 2 of 1961.	Entertainments Tax Conversion of Rates Ordinance, 1961.	The whole.
Ordinance 4 of 1965.	Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1965.	The whole.
Ordinance 4 of 1966.	Entertainments Tax Amendment Ordinance, 1966.	The whole.
Ordinance 39 of 1967.	General Law Amendment Ordinance, 1967.	Section 1.
Ordinance 16 of 1971.	Entertainment Tax Amendment Ordinance, 1971.	The whole.
Government Notice 125 of 1930.		The whole.
Government Notice 10 of 1954.		The whole.
Government Notice 24 of 1968.		The whole.
Government Notice 118 of 1971.		The whole.

